

Donderdag 2 November
Skrifgedeelte: Judas:1-25
Fokusgedeelte: Judas:20, 21

Bly in die liefde van God

Hoe sou jy dit hanteer indien goddelose mense met valse leerstellings in jou gemeente ontbloot sou word? Die maklikste sou seker wees om dit aan die kerkraad oor te laat om te besluit of dit werklik 'n valse leer is of nie. Judas roep gelowiges op om sekere positiewe dinge in hulle geloofslewe te doen. Wanneer jy dit doen, sal jy in staat wees om teen die valse leer van goddeloses in die kerk weerstand te bied. Hierdie positiewe dinge beskryf hy in verse 20-21:

- Jy moet op jou kosbare geloof bou.
- Jy moet deur die krag van die Heilige Gees bid.
- Jy moet in die liefde van God bly.
- Jy moet jou verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus vestig.

Hierdie vier sake sentreer rondom die derde punt, naamlik dat die gelowiges in die liefde van God moet bly. Is dit nie logies nie? Waarheen sal 'n kind eerste gaan vir veiligheid en beskerming wanneer hy bedreig word? Die kind wat liefde in sy huis ontvang, sal waarskynlik heel eerste na sy ouerhuis vlug. Die belangrikste manier om weerstand teen 'n valse leer te bied, is dus om jou in jou hemelse Vader se omgewing te bevind. Daar oorlaai Hy jou met sy liefde. Daar beskerm Hy jou teen valsheid en onsuiverhede. Die ander drie sake sentreer rondom hierdie eerste vereiste. Ons kan sê dit is die dinge wat jou help om in die liefde van God te bly. As jy dus daagliks en voortdurend op jou kosbare geloof bou, help dit jou om in die liefde van God te bly. Wanneer jy voortdurend deur die krag van die Heilige Gees bid, hou dit jou binne die liefde van God. En dit is dan, wanneer jy binne die invloedssfeer van die Vader is, dat Hy met jou deur sy Woord en Gees praat. So hou Hy jou op die weder-koms van sy Seun gefokus. Moet dus nie skrik vir die valse leer nie. Beveg dit deur dit te herken aan die eienskappe wat Judas vir ons uitwys. Bly in die liefde van God deur getrou te bou op jou geloof, gereeld deur die krag van die Gees te bid en die oog voortdurend op ons Here Jesus Christus te hou.

Sing: Psalm 31:15

Ds. JL (Louis) Aucamp (Kemptonpark-Mooifontein)